This strong demand for new capital understandably tended to exert upward pressure on yields. Nevertheless, the underlying buoyancy, optimism and inflationary expectations in the economy were such that the prices of all the major classes of shares, which had declined noticeably during the second and third quarters of 1965, began to increase again as from the fourth quarter.

Increase in resources of building societies

The building societies experienced a moderate revival in the inflow of new funds in March and April. During these two months their shares and deposits increased by R23 million, compared with only R5 million during January and February. This more rapid increase was, however, partly a normal seasonal phenomenon.

As a result of the increase in their resources, the building societies could expand their loan activities slightly. Compared with R7 million in January and February, their mortgage and other loans outstanding increased by R10 million in March and April, while their "new loans granted" rose from a low point of R14 million in January to R18 million in April.

In general, however, their position, like that of the rest of the capital market, remained relatively tight, and provided another symptom of the pressure still being exerted on the available resources by the excessive capital and consumption expenditure in the economy as a whole.

Kwartaallikse ekonomiese oorsig

Belangrikste verwikkelinge

Die vernaamste korttermynverwikkeling in die Suid-Afrikaanse volkshuishouding gedurende die eerste vier maande van 1966 was 'n matige verdere daling in die bruto binnelandse besteding, waarmee gepaard gegaan het 'n afname in die invoer en die ontstaan van 'n klein oorskot op die lopende rekening van die betalingsbalans. Hierdie daling in die totale besteding was die gevolg van 'n aansienlike intering op voorrade en 'n matige daling in sowel private as openbare vaste kapitaalbesteding. Hierdie verwikkelinge was weer minstens gedeeltelik veroorsaak deur die verskerpte toepassing van invoer- en ander direkte beheermaatreëls, en was dus nie sonder meer 'n aanduiding van 'n betekenisvolle afname in die onderliggende monetêre vraag na goedere en dienste nie. Inteendeel, die beskikbare gegewens dui daarop dat die inflasionistiese druk in die ekonomie dwarsdeur hierdie tydperk voortbestaan het. Sowel die verbruikers- as die groot-handelsprysindeks het gedurende hierdie maande dan ook merkbaar vinniger as gedurende 1965 gestyg.


Hierdie voortgesette inflasionistiese neiging in die ekonomie is klaarblyklik aangemoedig deur die feit dat die hoeveelheid geld en kwasi-geld in die hande van die private sektor, ondanks die beperkings op bankkrediet aan hierdie sektor, gedurende die laaste kwartaal van 1965 tot 'n rekordhoogte aan die einde van die jaar gestyg het, hoofsaaklik vanweë die invloeiing van buitelandse kapitaal en die geldskeppende finansiering deur die monetêre banksektor van 'n deel van die regeringsuitgawes. Gedurende die eerste kwartaal van 1966 het die hoeveelheid geld en kwasi-geld, ondanks die gunstige betalingsbalans, egter weer merkbaar gedaal. Hiervoor was veral verantwoordelik 'n verdere afname in die monetêre banksektor se uitstaande krediet aan die private sektor, as gevolg van die beperkende monetêre maatreëls, en 'n toename in regeringsdeposito's. Nietemin was die hoeveelheid geld en kwasi-geld aan die einde van Maart nog relatief hoog en die monetêre klimaat dus nog bevorderlik vir inflasie.

Nasionale rekeninge¹

Matige daling in bruto binnelandse besteding


Bruto binnelandse besteding, d.i. die totaal van vaste investering, voorraadinvestering, private verbruik en lopende owerheidsbesteding, het gedurende die eerste kwartaal van 1966, net soos gedurende die laaste kwartaal van 1965, 'n matige maar nietemin welkome daling getoon, en vir die eerste keer sedert die tweede kwartaal van 1964 minder as die bruto nasionale produk bedra. Die klein tekort wat daar nog gedurende die vierde kwartaal van 1965 op die lopende rekening van die betalingsbalans was, ná uitskakeling van seisoensinvloede, is dan ook gedurende die eerste kwartaal van 1966 in 'n klein oorskot omskep, hoofsaaklik weens 'n verdere daling in die invoer.

¹ Die ontleding in hierdie afdeling van die oorsig is hoofsaaklik gebaseer op die Reserwebank se kwartaallikse ramings van die nasionale rekeninge, *ná uitskakeling van die seisoensinvloed*. Aangesien hierdie syfers nog nie as betroubaar genoeg vir publikasie beskou word nie, word die ontleding van kwartaallikse verwikkelinge tot die beskrywing van breë tendense beperk.



Intering op voorrade en daling in vaste investering

Hierdie verwickeling was hoofsaaklik te wyte aan 'n verdere intering op voorrade, veral van nywerheids-goedere en landbouprodukte in die handel. 'n Bykomende faktor was egter die verloop van sowel private as openbare vaste investering, wat albei, ná 'n skerp styging tot 'n abnormaal hoë peil in die laaste kwartaal van 1965, matig afgeneem het gedurende die eerste kwartaal van 1966. Die daling in openbare investering was hoofsaaklik toe te skryf aan 'n vermindering in die kapitaaluitgawes van die Spoorweë en Hawens benede



die buitengewoon hoë peil waartoe dit in die vorige kwartaal geklim het.

Verdere styging in private verbruik en lopende owerheidsbesteding


Daarteenoor het sowel private verbruiksbesteding as lopende owerheidsbesteding aansienlik verder toegeneem. Dit was veral opvallend dat die verkope van nuwe motorkarre, meubels en elektriese toestelle, wat gedurende die eerste drie kwartale van 1965 afwaarts geneig het, gedurende die daaropvolgende twee kwartale weer gestyg het.

Redes vir daling in investering en invoer

Die belangrike vraag is natuurlik *waarom* die voorraad- en vaste investering, en dus die invoer, afgeneem het. Indien die daling hierin 'n „natuurlike” sikliese daling was en/of die gevolg was van die beperkings op bankkrediet aan die private sektor, sou dit op 'n betekenisvolle vermindering in die onderliggende monetêre vraag na goedere en dienste, en dus in die inflasionistiese druk, gedui het. Maar as dit 'n „kunsmatige” afname was wat deur die strenger toepassing van invoerbeheer op kapitaalgoedere en grondstowwe en deur ander regstreekse beheermaatreëls soos boubeheer teweeggebring is, het dit natuurlik nie noodwendig beteken dat die vraaginflasie aan die afneem was nie.

Die beskikbare gegewens dui daarop dat die daling in totale investering en invoer die gevolg van *albei* die bogenoemde stelle oorsake was. Gedeeltelik skyn dit 'n natuurlike en gewenste reaksie op die oorinvestering van die vorige jaar te gewees het, 'n reaksie wat bepaald aangehelp is deur die beperkende kredietmaatreëls. Maar ongetwyfeld moet dit ook in 'n belangrike mate aan die toepassing van invoer- en ander regstreekse beheermaatreëls toegeskryf word. In die lig hiervan wil dit voorkom asof die onderliggende monetêre vraag na goedere en dienste dus nog te hoog was en steeds inflasionistiese druk op die beskikbare hulpbronne uitgeoefen het.

Inderdaad het die verskerping van invoerbeheer, terwyl dit belangrik daartoe bygedra het om die druk op die betalingsbalans tydelik te verlig, uit die aard van die saak geneig om die afname in die binnelandse inflasionistiese druk teen te gaan en so die stabiliserende uitwerking van die genoemde self-korrigerende faktore en kredietmaatreëls gedeeltelik te neutraliseer. So het dit waarskynlik die effek gehad om die vraag na buitelandse goedere in 'n mate na binnelandse goedere te verskuif en om die alreeds oormatige peil van kapitaalbesteding in Suid-Afrika verder te stimuleer. Soos later in meer besonderhede aangetoon sal word, het dit ook meegewerk om die voorraad geld en kwasi-geld buitensporig hoog te hou en so 'n monetêre klimaat te skep wat inflasie aangemoedig het.



Algemene ekonomiese aanwysers

'n Ontleding van die verloop van die beskikbare algemene ekonomiese aanwysers gedurende 1965 en die eerste vier maande van 1966 bevestig weer eens dat, alhoewel die 1961–65 sikliese ekonomiese op- lewing vanaf ongeveer die middel van 1965 meer gelyk verloop het (sommige aanwysers het inderdaad skerp gedaal), die algemene ekonomiese bedrywigheid op 'n baie hoë peil gebly het. Vanaf omtrent die middel van die vierde kwartaal van 1965 het sekere seisoens- aangesuiwerde aanwysers, soos die waarde van klein- handelsverkope, die aantal nuwe motorkarre en han- delsvoertuie verkoop, en die pryse van nywerheids- en handelsaandele, selfs weer begin toeneem.

Pryse

Die voortbestaan van inflasionistiese druk gedurende die eerste vier maande van 1966 blyk ook uit die skerp verdere styging in sowel verbruikers- as groothandels- pryse gedurende hierdie tydperk. So het die seisoens- aangesuiwerde indeks van verbruikerspryse (1958=100) vanaf 115·3 in Desember 1965 tot 117·2 in April 1966 toegeneem. Bereken teen 'n jaarlikse koers gee dit 'n persentasie styging van omtrent 5·0, vergeleke met 2·8 persent gedurende 1965. Hierdie verdere toename in die verbruikersprysindeks was slegs gedeeltelik aan 'n styging in voedselpryse toe te skryf. Indien voedsel uitgesluit word, toon die indeks nog 'n styging vanaf 114·9 in Desember 1965 tot 116·4 in April, wat op 'n jaarlikse koers van 4·0 persent neerkom, teenoor 3·1 persent gedurende 1965.²

² Daar moet egter op gewys word dat om sekere tegniese redes wat met die behandeling van die huurkomponent van die indeks saam- hang, die Desember–April toename 'n oordrewe beeld van die prysstygings gedurende hierdie tydperk gee.



Die seisoensaangesuiwerde groothandelsprysindeks het vanaf 111·8 in Desember 1965 tot 114·0 in April toegeneem, d.w.s. teen 'n jaarlikse koers van omtrent 6·0 persent, vergeleke met 2·4 persent gedurende 1965. Hierdie styging was toe te skryf aan 'n toename in die pryse van sowel Suid-Afrikaanse as ingevoerde goedere. Alhoewel die styging in die prysindeks ten opsigte van Suid-Afrikaanse goedere deels te wyte was aan toenames in die pryse van landbou-, bosbou- en visserijprodukte, was dit ook veroorsaak deur toenames in die pryse van nywerheids- en ander produkte.

Betalingsbalans

Dalende neiging in invoer

Soos reeds genoem, het die afname in vaste en voorraadinvestering gedurende die eerste kwartaal van 1966 gepaard gegaan met 'n verdere daling in die invoer. So het die goedere-invoer, indien seisoensinvloede uitgeskakel word, tot 'n jaarlikse koers van slegs R1,536 miljoen gedurende die eerste kwartaal gedaal, vergeleke met R1,924 miljoen en R1,644 miljoen gedurende die derde en vierde kwartale van 1965, onderskeidelik.

Oorskot op lopende rekening


Hierdie daling, tesame met 'n afname in die netto dienste- en oordragbetalings aan die buiteland, was voldoende om, ondanks 'n daling in die goedere-uitvoer, 'n oorskot van R7 miljoen op die lopende rekening van die betalingsbalans gedurende die eerste kwartaal teweeg te bring. Ná uitskakeling van seisoensinvloede en gereken teen 'n jaarlikse koers, het hierdie oorskot soveel as R88 miljoen beloop.

Netto invloeiing van private kapitaal

Vergeleke met R60 miljoen en R68 miljoen gedurende die derde en vierde kwartale van 1965 onderskeidelik, was daar gedurende die eerste kwartaal van 1966 'n netto invloeiing van private kapitaal van omtrent R10 miljoen. Maar anders as gedurende die vorige twee kwartale het die invloeiing nie hoofsaaklik uit korttermynkapitaal bestaan nie. Intendeel, dit was die resultaat van 'n netto invloeiing van R21 miljoen langtermynkapitaal en 'n netto uitvloeïing van R11 miljoen korttermynkapitaal (met insluiting van foute en onaangetekende transaksies).

Netto invloeiing van kapitaal na sentrale regering en banksektor

Bykomend tot hierdie netto invloeiing van private kapitaal is 'n netto invloeiing van sentrale regerings- en banksektorkapitaal van R12 miljoen gedurende die eerste kwartaal aangeteken, en dit ondanks die terugbetaling deur die sentrale regering van R7 miljoen op buitelandse lenings en die betaling van R9 miljoen in goud as deel van die toevoeging van R36 miljoen tot Suid-Afrika se subskripsie tot die Internasionale Monetêre Fonds.



Verdere toename in goud- en buitelandse valuta-reserwes

Die gevolg van die lopende oorskot van R7 miljoen, die netto invloeiing van private kapitaal van R10 miljoen en die netto invloeiing van sentrale regerings- en banksektorkapitaal van R12 miljoen, was 'n verdere toename in Suid-Afrika se totale goud- en valuta-reserwes van R29 miljoen. Dit het die totale reserwes op R482 miljoen aan die einde van Maart 1966 te staan gebring, waarvan die Reserwebank R450 miljoen gehou het.

Verwikkelinge gedurende April en Mei

Gedurende April het die seisoensaangesuiwerde goedere-invoer verder gedaal tot 'n jaarlikse koers van R1,453 miljoen, wat die laagste peil sedert Desember 1963 was. Ongelukkig het die goedere-uitvoer ook merkbaar afgeneem, sodat die lopende rekening 'n oorskot vir die maand van slegs sowat R2 miljoen getoon het. Aangesien die totale reserwes met 'n verdere R18 miljoen gedurende April gestyg het tot 'n totaal van omtrent R500 miljoen, moes daar dus 'n netto invloeiing van kapitaal van ongeveer R16 miljoen gewees het. Gedurende Mei het die Reserwebank se goud- en valuta-reserwes met nog R27 miljoen tot R483 miljoen toegeneem, terwyl die totale reserwes aan die einde van Mei waarskynlik in die omgewing van R540 miljoen was.

Die aansienlike styging in die totale reserwes vanaf R340 miljoen aan die einde van September 1965 tot in die omgewing van R540 miljoen aan die einde van Mei 1966, d.w.s. 'n toename van omtrent R200 miljoen in agt maande, dien as aanduiding van die groot mate waarin die betalingsbalansposisie gedurende hierdie

tydperk verbeter het, selfs met inagneming van die feit dat meer as R100 miljoen van hierdie toename toegeskryf moet word aan 'n netto invloeiing van korttermynkapitaal en dat daar, as gevolg van die verskerping van invoerbeheer, 'n aansienlike intering op goederevoorrade was.

Aan die ander kant het hierdie dramatiese styging in die reserwes waarskynlik tot die binnelandse inflasie bygedra, nie net via die invloed wat dit op die monetêre toestand uitgeoefen het nie, maar ook deurdat dit in sekere sakekringe verkeerdelik vertolk is as 'n aanduiding dat 'n nuwe opwaartse beweging in die totale besteding of reeds begin het of op hande was. Sodoende het dit nuwe inflasionistiese verwagtings geskep wat geneig het om die self-korrigerende stabiliserende invloede in die ekonomie en die uitwerking van die beperkende kredietbeleid te neutraliseer.

Monetêre en banktoestand

Toename in geld en kwasi-geld gedurende vierde kwartaal van 1965

Die volgehoue inflasionistiese neiging in die ekonomie gedurende die eerste vier maande van 1966 is waarskynlik in 'n groot mate aangemoedig deur die feit dat die private sektor aan die begin van die jaar in 'n buitengewoon likwiede toestand verkeer het. Die hoeveelheid geld en kwasi-geld in die hande van private ondernemings en huishoudings het, ondanks die uitwerking van die beperkende kredietbeleid, gedurende die loop van 1965 aansienlik gestyg en aan die einde van die jaar die rekordbedrag van R2,489 miljoen bereik.

Gedurende die laaste kwartaal van 1965 was die toename in geld en kwasi-geld besonder groot, naamlik R202 miljoen. Soos die meegaande tabel aantoon was die hoofrede vir hierdie styging 'n toename van R146 miljoen in die *netto* eise van die monetêre banksektor teen die regeringsektor gedurende hierdie kwartaal. Laasgenoemde toename het weer gespruit uit 'n styging van R165 miljoen in die banksektor se besit aan skatkiswissels (R86 miljoen), staatseffekte (R60 miljoen) en ander eise (R19 miljoen), wat slegs tot 'n bedrag van R19 miljoen geneutraliseer is deur 'n styging in regeringsdeposito's. Die ver naamste ander redes vir die toename in geld en kwasi-geld gedurende hierdie kwartaal was 'n styging van R69 miljoen in die netto goud- en buitelandse valuta-reserwes en 'n verskuiwing van langtermyndeposito's, wat nie as kwasi-geld beskou word nie, na kort- en middeltermyndeposito's by monetêre bankinstellings ten bedrae van R40 miljoen. Die enigste belangrike faktor wat in die rigting van 'n daling in geld en kwasi-geld gewerk het, was die amptelike beperking op bankkrediet aan die private sektor, as gevolg waarvan die monetêre banksektor se eise teen die private sektor met R66 miljoen afgeneem het.




Oorsake van verandering in geld en kwasi-geld

(Verandering in gekonsolideerde bates en laste van monetêre banksektor)

	R miljoene	
	1965 4de kw.	1966 1ste kw.
Verandering in geld en kwasi-geld :		
Geld	106	-39
Kwasi-geld	96	-78
Totale geld en kwasi-geld . . .	202	-117
Oorsake van verandering:		
Netto goud- en buitelandse valutaresewies	69	18
Eise teen regeringsektor	165	32
Regeringsdeposito's (toename -, afname +)	-19	-74
Netto eise teen regeringsektor . .	146	-42
Eise teen private sektor	-66	-79
Langtermyndeposito's (toename -, afname +)	40	-16
Ander bates en laste	13	2
Totale verandering	202	-117

Met ander woorde, wat gedurende die vierde kwartaal gebeur het, was dat die gunstige betalingsbalans die monetêre banke se likwiede bates laat toeneem het, en aangesien hierdie banke nie toegelaat was om geld en kwasi-geld te skep deur krediet aan die private sektor te verleen nie, het hulle toe geld en



kwasi-geld geskep deur 'n deel van die sentrale regering se uitgawes te finansier. Hulle het nie net die addisionele middele wat hulle deur die gunstige betalingsbalans ontvang het in skatkiswissels en staatseffekte belê nie, maar het deur hul geldskeppingsproses 'n veel groter bedrag op hierdie wyse belê.

'n Verdere belangrike punt is dat die monetêre banke se likwiede bate-verhouding nie deur hierdie addisionele kredietverlening verminder is nie, aangesien skatkiswissels en korttermynstaatseffekte natuurlik self likwiede bates is. Inteendeel, die vermoë van die banksektor om verdere geld en kwasi-geld regstreeks vir die private sektor te skep indien die Reserwebank se kredietaanwysing opgehef sou word, het aansienlik toegeneem.

Afname in geld en kwasi-geld gedurende eerste kwartaal van 1966

Gedurende die eerste kwartaal van 1966 het die posisie egter aanmerklik verbeter, gedeeltelik as gevolg van seisoensfaktore. Die hoeveelheid geld en kwasi-geld het, ondanks 'n verdere toename van R18 miljoen in die netto goud- en valuta-reserwes, met R117 miljoen gedaal. Soos die meegaande tabel aantoon, was die hoofredes vir hierdie daling (1) 'n afname van R79 miljoen in die monetêre banksektor se eise teen die private sektor, (2) 'n afname van R42 miljoen in die banksektor se *netto* eise teen die regeringsektor (hoofsaaklik weens 'n styging van R74 miljoen in regeringsdeposito's, wat gedeeltelik 'n seisoensbeweging was) en (3) 'n verskuiwing vanaf kort- en middeltermyn- na langtermyndeposito's by monetêre banke ten bedrae van R16 miljoen. Met ander woorde, die geldskepping deur die banksektor via die sentrale regering gedurende die vorige kwartaal is in 'n mate gedurende die eerste kwartaal van 1966 weer ongedaan gemaak. Tesame met die inkrampende uitwerking op geld en kwasi-geld van die verdere daling in bankkrediet aan die private sektor, was dit 'n welkome stap in die rigting van inflasiebestryding.

Nietemin het die totale geld en kwasi-geld aan die einde van Maart 1966 nog sowat R2,372 miljoen beloop, wat R265 miljoen of 11 persent hoër was as die alreeds hoë syfer van 'n jaar vroeër. In verhouding tot die bruto nasionale produk het dit sowat 31 persent bedra, vergeleke met 29 persent in Maart 1965. Die private sektor was dus nog steeds potensieel in staat om sy verbruiks- en investeringsuitgawes aansienlik te vermeerder.

Verder afname in bankkrediet aan die private sektor

Handelsbanke, aksepbanke en monetêre huurkoop- en algemene banke het almal hul krediet aan die private sektor verder ingekort gedurende die eerste kwartaal van 1966 en, in ooreenstemming met die versoek wat die Reserwebank in Oktober 1965 aan hulle gerig het, was hul uitstaande diskonteringe, lenings en voorskotte aan die private sektor op 31 Maart 1966 nie hoër as 'n jaar vantevore nie. Inteendeel, soos die bygaande tabel aantoon, was dit in al drie gevalle heelwat laer.

„Beheerde” krediet aan private sektor R miljoene

	Handelsbanke	Aksepbanke	Monetêre huurkoop- en algemene banke
Maart 1965	1,288	60	402
Maart 1966	1,202	55	376
Afname	86	5	26
Persentuele afname	6.7%	8.3%	6.5%

'n Verdere belangrike verwikkeling was 'n afname vanaf R171 miljoen aan die einde van September 1965 tot R40 miljoen aan die einde van April 1966 in die Reserwebank se netto binnelandse krediet, d.w.s. in sy totale binnelandse verdiskonteringe, voorskotte en beleggings min sentrale en provinsiale regerings-deposito's. Hierdie daling het natuurlik ten dele met die gunstige wending in die betalingsbalans en, gedurende die eerste kwartaal van 1966, met die seisoenstoename in die regeringsdeposito's saamgehang.

Staatsfinansies

Na 'n daling vanaf R202 miljoen aan die einde van Februarie 1965 tot R2 miljoen aan die einde van November, het die regering se saldo's op die skatkis- en betaalmeestergeneraalrekenings tot R128.4 miljoen aan die einde van Mei 1966 toegeneem. Hierdie toename was gedeeltelik toe te skryf aan seisoensveranderings in skatkisuitreikings en -ontvangstes (uitgesonderd lenings), maar was ook die gevolg van groter netto lenings deur die uitreiking van skatkiswissels (insluitende skatkiswissels op aanvraag) en staatseffekte, waarvan 'n aansienlike gedeelte deur monetêre bank-instellings opgeneem is. Gedurende April en Mei is byvoorbeeld 'n netto bedrag van soveel as R53 miljoen verkry deur die uitreiking van skatkiswissels op aanvraag.

Van staatseffekte ten bedrae van R170.3 miljoen, wat in Februarie en Mei 1966 verval het, is R136.4 miljoen omgesit in 5 persent 3-jaar-effekte en R12.0 miljoen in 6 persent 25-jaar-effekte. Die saldo van R21.9 miljoen is in kontant terugbetaal. Daarbenevens het nuwe inskrywings op hierdie lenings van Februarie en Mei tot die einde van Mei gesamentlik R203.8 miljoen bedra, waartoe die Staatskuldkommissaris R110.1 miljoen bygedra het. Van die oorblywende bedrag van R93.7 miljoen is R62.7 miljoen in die 3-jaar-effekte en slegs R31.0 miljoen in die 25-jaar-effekte belê. Die Mei-lening se sluitingsdatum is egter eers 16 Junie.

Kapitaalmark

Sterk vraag na kapitaal

Hierdie ondervinding met die uitgifte van langtermyn-staatseffekte was simptome van die stram toestand wat in die kapitaalmark bly voortbestaan het, waar netto nuwe uitgiftes van bemarkbare effekte deur die regering, openbare korporasies, plaaslike owerhede en die private sektor gedurende die eerste vier maande van 1966 soveel as R217 miljoen beloop het, vergeleke met R113 miljoen gedurende die laaste vier maande van 1965.

Hierdie sterk vraag na nuwe kapitaal het begryplikerkwys geneig om opwaartse druk op opbrengskoerse uit te oefen. Nietemin was die onderliggende lewendigheid, optimisme en inflasionistiese verwagtings in die volkshuishouding sodanig dat die pryse van al die belangrikste klasse van aandele, wat gedurende die tweede en derde kwartale van 1965 merkbaar gedaal het, vanaf omtrent die vierde kwartaal weer begin styg het.

Toename in middele van bouverenigings

Die bouverenigings het in Maart en April 'n matige herlewing in die invloeiing van nuwe middele ondervind. Gedurende hierdie twee maande het hul aandele en deposito's met R23 miljoen toegeneem, vergeleke met slegs R5 miljoen gedurende Januarie en Februarie. Hierdie vinniger toename was egter gedeeltelik 'n normale seisoensverskynsel.

Gevolglik kon die bouverenigings hul leningsbedrywighede ietwat uitbrei. Vergeleke met R7 miljoen in Januarie en Februarie het hul uitstaande verband- en ander lenings met R10 miljoen in Maart en April toegeneem, terwyl hul „nuwe lenings toegestaan” vanaf 'n laagtepunt van R14 miljoen in Januarie tot R18 miljoen in April gestyg het.

In die algemeen het hul posisie, net soos dié van die res van die kapitaalmark, egter betreklik stram gebly, en was dit 'n verdere simptoom van die druk wat as gevolg van die oormatige kapitaal- en verbruiksbesteding op die beskikbare hulpbronne in die ekonomie uitgeoefen is.